ONS VERHOUDING MET ANDER (2)
VERWELKOM ANDER IN ONS MIDDE
20 Augustus 2006, Ds Freddie Schoeman

Hierdie jaar tot dusver het ons gekyk na ons verhouding met God (eerste kwartaal), na ons verhouding met mekaar (tweede kwartaal) en nou is ons besig om te kyk na ons verhouding met ander.

Elke keer het ons gekyk na vyf aspekte van elke verhouding. En elkeen van hierdie aspekte hou verband met een van die vyf waardes van ons gemeente. Ons het telkens gekyk na die basis van ons verhoudings (genade), na die konteks van ons verhoudings (gemeenskap), na die kern van ons verhoudings (gebed), na die potensiaal van ons verhoudings (groei) en na die doel van ons verhoudings (gehoorsaamheid).

Ons het elke keer vir onsself probeer uitmaak hoe daardie spesifieke waarde grond kan vat. As die basis van ons verhouding met God genade is, vat dit grond / word dit sigbaar wanneer ons ons verheug in God se liefde / genade. As die konteks van ons verhouding met God gemeenskap is, vat dit grond / word dit sigbaar wanneer ons Hom vertrou vir al ons behoeftes. As die kern van ons verhouding met God gebed is, word dit sigbaar wanneer ons verhouding met Hom verdiep. As die potensiaal van ons verhouding met God groei is, word dit sigbaar / tasbaar wanneer ons vernuwe. As die doel van ons verhouding met God gehoorsaamheid is, word dit sigbaar / tasbaar wanneer ons onsself verbind aan God se droom.

In terme van ons verhouding met mekaar ...

Basis --> Genade = vergewe mekaar
Konteks --> Gemeenskap = versorg mekaar
Kern --> Gebed = versterk mekaar
Potensiaal --> Groei = verryk mekaar (gawes)
Doel --> Gehoorsaamheid = vervul funksie in gemeente

In terme van ons verhouding met ander ...

Basis --> Genade = vertel ander
Konteks --> Gemeenskap = verwelkom ander
Kern --> Gebed =
Potensiaal --> Groei =
Doel --> Gehoorsaamheid =

Gaan vandag dus oor die konteks van ons verhouding met ander: gemeenskap.

Ek wil begin waar ons laas week geëindig het: by die woorde van die vader aan die oudste seun.

Lees Lukas 15:11 ...

Ons het die ongelooflike voorreg om deel te kan wees van die huisgesin van God; om mekaar se broers en susters te wees met God as ons Vader. Dit beteken dat ons kan weet en vertrou dat ons Vader ons belange op die hart dra en dat Hy in ons behoeftes wil voorsien en dat Hy ons nooit in die steek sal laat nie. Dit beteken ook dat ons in 'n gemeenskap woon wat na mekaar omsien deur mekaar te versorg, om mekaar se nood raak te sien (blokke en wyke) en iets te doen om te help.

Gevaar: dat ons die houding en gesindheid van die oudste seun sal ontwikkel.

Die gevaar is nou dat ons 'n eksklusiewe gemeenskap sal word wat ander uitsluit en mekaar warm broei.

Erwin McManus: die twee uitstaande kenmerke van die vroeë kerk - hulle was ketters en hulle was immoreel. As ons byvoorbeeld gaan kyk na Paulus se briewe:

Galasiërs 1:6

> *6 Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig word en ’n ander evangelie aanneem.*

1 Korintiërs 5:1

> *’n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle, en dan nogal onsedelikheid van so ’n aard as wat selfs onder die heidene nie voorkom nie, naamlik dat ’n man en sy stiefma as man en vrou saamleef.*

Beteken dit nou dat ons ketters en immoreel moet raak? Nee! Ons moet vir onssself gaan afvra waarom dit 'n probleem in die vroeë kerk was.

Want die vroeë kerk was intens betrokke by die omgewing om hulle - hulle het konstant te doen gehad met "wêreldlinge / sondaars" en hulle verwelkom in hulle midde - mense wat nog nie deur God aangeraak en verander is nie.

Hulle het nog iets verstaan van Jesus by wie sondaars en tollenaars tuis gevoel het.

Hulle het hulleself nie geïsoleer van die wêreld nie.

Erwin McManus se gemeente ...

- Plekke waar hulle saamkom
- 80 verskillende nasionaliteite
- Groot persentasie elke Sondag nie Christene! (Iemand hier wat nie 'n Christen is nie?)
- Ook: ongure karakters (dwelmverslaafdes; prostitute; boemelaars; kriminele; tronkvoëls ens.)

Storie van sy seun ...

Ons is geneig om onsself te onttrek uit die wêreld in 'n Christelike sub-kultuur. Christene is geneig om nie-christen vriende te hê. Christen-skole. Mense soos ons. En wanneer ons dalk kontak maak met nie-christene en hulle bevriend - gaan ons hulle kerk toe nooi? Nie maklik nie.

Hoekom nie? In ons oë: Die kerk is nie 'n plek vir sondaars en heidene nie. Die kerk is 'n eksklusiewe klub vir ordentlike en fatsoenlike mense. Vreeslik ongemaklik as iemand instap wat in ons oë nie ordentlik en fatsoenlik is nie.

Ons is ingerig vir ons behoeftes. Nie vir die behoeftes van die mense buite die kerk nie / sondaars / ongelowiges nie.

---ooo---000---ooo---

Hoekom moet ons nie mense uithou nie? Hoekom moet ons sondaars uitnooi en verwelkom in ons gemeente?

- Die wat Jesus gedoen het - sy voorbeeld volg

Sondaars en tollenaars was gemaklik by Jesus. Jesus het hulle verwelkom. Hy het hulle nooit weggestoot nie. Hulle het aanvaar gevoel.

- Dis waar hulle verander / vernuwe / heelgemaak word.

Ons het hierdie idee dat mense eers hulle lewe moet regkry voordat hulle christene kan word en deel van die kerk kan word. (Bekeer). Dis nie gereformeerd nie. Gereformeerd sê die enigste voorwaarde vir kerklidmaatskap is geloof.

En dit is juis binne die warm hartlike ondersteunende atmosfeer van 'n hartlike christelike geloofsgemeenskap dat mense se lewens kan verander.

Stukkende mense moet verwelkom word in die kerk - dis waar hulle aangeraak kan word deur die liefde van die Here. Slegs die liefde van die Here kan mense se lewens heel maak.

Dink aan 'n saad wat ontkiem en groei. Moet ingeplant word in 'n vrugbare bedding - die gemeente / warm hartlike christelike geloofsgemeenskap.